Uitruil van geskenke

En as iemand aan die HERE 'n spysoffer bring…

…en hy moet dit as die gedenkoffer op die altaar aan die brand steek,
'n vuuroffer van lieflike geur aan die HERE.

(Levitikus 2:1 en 2)

Huis en liturgie

Levitikus 2 bring ons in 'n kombuis. Nie in die eerste plek die Tabernakel nie. Levitikus 2 het dit oor 'n spys- of voedseloffer aan die Here. Die hoofstuk is byna iets van 'n resepteboek vir die voedseloffers. Allerlei bestanddele maak deel uit van die voedsel-geskenk aan die Here.

Die voorbereiding van allerlei graanoffers word in detail beskryf. Dit word gedoen in die tentwoning van die persoon wat die geskenk na die Here wil bring. Dit maak die graanoffer egter nie minder 'n offer nie. Die daaglikse lewe van die een wat offer en die Here se teenwoordigheid in die tabernakel word juis op hierdie manier op 'n aangrypende manier aan mekaar verbind.

Die offer begin dus nie eers wanneer die tabernakel ingegaan word nie. Tentwoning en die altaar in die tabernakel word aan mekaar verbind. Die daaglikse lewe staan nie verwyderd van die Here se heilige teenwoordigheid in die tabernakel nie! Alles begin as't ware in die kombuis van die Israeliete se tente.

Lidmaat en liturgie

Maar ons moet op iets nog belangriker let. In Israel gebeur iets wat by die buurvolke van die Israeliete ondenkbaar sou wees. Die boek Levitikus begin nie met voorskrifte vir 'n afgesonderde priesterstam nie. Die eerste drie hoofstukke is in die eerste plek gerig aan die gewone bevolking. Die gewone bevolking kry instruksies vir die liturgie: "So maak jý wanneer jý die Here kom aanbid…wanneer jy simbolies jou lewe aan die Here kom toevertrou…wanneer jy kom uiting gee van jou dank teenoor die Here…wanneer jy geskenke vir die Here uit jou huishouding vir die Here kom gee…"

Liturgiese voorskrifte kom dus nie in die eerste plek na die priesters wat 'n bepaalde leidende rol in die tabernakel moes vervul, nie. Broeder, suster, jonk en oud…elkeen van ons moet luister hoe ons almal in die erediens moet kom. Hoe en waarmee in die erediens moet kom.

Die erediens is nie 'n plek waar ek 'n passiewe toeskouer is van wat ander doen nie. Voor alles, en die bepalende van die hele sfeer waarin die res van die erediens plaasvind, is hoe elke lidmaat na die erediens kom. Voorop staan elke gelowige wat met sy of haar offer na die Here kom.

Die uitnodiging vir elke Israeliet was dus: Kom, kom na die tent van ontmoeting! Kom neem jy deel aan die ontmoeting met die lewende God. Kom in sy teenwoordigheid in. Kom bring jou offer; bring jou geskenk vir die Here!

Geen geheime saak nie

Vir enige waarnemer uit die heidense volke, gebeur hier iets ondenkbaar. Dit wat geoffer word kom uit die huishoudings van gewone mense in die volk van die Here. Skaap- en beeskraal is regstreeks verbind met die tabernakel. Kombuis is ewe goed verbind met die teenwoordigheid van die Here.

Gewone mense het regstreeks toegang tot die teenwoordigheid van die Here. Meesal was daar in die heidense godsdienste nie eers toegang tot die tempel van hul gode moontlik nie. In Israel is die liturgie 'n gemeentesaak! By die heidene was die liturgie 'n geheime saak. Geheime rituele is deur priesters bewaar en gedoen waardeur die gode in beweging gebring kon word. Met 'n geheime towerspreuk en towerhandeling was die gode bereikbaar en beïnvloedbaar.

Levitikus is nie 'n geheime priesterhandleiding nie. Dit is nie weggesteek vir 'n klein groepie ingewydes by die tabernakel nie. Geen goed bewaarde geheim nie!

Dit was 'n openbare geheim! Dit is bedoel vir die gelowige volk wat in gemeenskap met die Here lewe! 'n Handboek vir elkeen wat in die teenwoordigheid van die lewende Here van Israel wil lewe. So begin elkeen van die eerste drie hoofstukke: "As iemand aan die Here 'n offer bring**...**". Wie dan ook…! Elkeen wat bly is oor die Here se gawes en geskenke aan hom /haar, kom gerus in sy teenwoordigheid. Laat sien hoe bly jy oor die lewe met die Here is.

Uitruil van geskenke

Kom met vrywillige geskenke / offers. Die Here het 'n blymoedige gewer lief. So gaan dit in die erediens met die lewende God. Jy kom met jou blydskap oor die Here na die Here.

Hier is ons in die hartklop van ons lewe met die Here. Ons hele lewe word gevorm rondom die uitruil van geskenke tussen die Here en sy kinders. Maar ook meer as net die uitruil van geskenke: Die Here gee Homself. Hy is teenwoordig. Dit word duidelik uit alles wat Hy vir sy kinders gee. Hulle skape, beeste en koring. Hulle rykdom.

Sy kinders laat deur hierdie vrywillige offers sien dat hulle nou ewe goed hulleself aan die Here kom gee. Heeltemal vrywillig en in vertroue. Die beste uit die beeste of skape. Of, soos met die spysoffer…fynmeel! Die beste meel in jou huis. Daardie meel waarmee jy vir jou eregaste sou kos maak. Daarvan bring jy nou na die Here. Hier op aarde vervul jy nou die rol van gasheer / gasvrou. Jy ontvang die lewende Here en eer Hom met dit wat Hy vir jou gegee het.

E Viljoen

© 2013
www.christelikebiblioteek.co.za